

Maandag 9 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 1:67-80

Fokusgedeelte: Lukas 1:69

Die wegbereider vir die Koning is gebore (2)

Die eerste ding wat Sagaria in sy loflied vir ons uitlig: Jesus is die Messias volgens die patroon van die Ou Testament. Deur die verloop van die Ou Testament het dit al duideliker geword dat God self sou sorg vir iemand om as Messias, sy gesalfde Profeet, Hoëpriester en Koning op te tree ...

- wat as Profeet God se wil aan ons bekendmaak soos geen ander voor en na Hom nie;
- wat as Hoëpriester Homself aan God sou offer om ons van die sonde te verlos, sodat ons lewe aan God gewy sal wees;
- wat as Koning die mag van God se teenstander, Satan, sou vernietig sodat ons weer as gewillige onderdane van God kan leef.

Dit is die Christus wat gebore moes word, volgens die Ou Testament! Hier kom Sagaria en hy verklaar onomwonde aangaande Jesus: *“God het met ’n eed dit bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy sou gee dat ons, gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe.”*

Dit is waar die rol van Johannes die Doper in hierdie gedeelte ter sprake kom. Hy was die een van wie die Ou Testament gesê het: *“Ek stuur my boodskapper voor jou uit. Hy sal die pad vir jou regmaak. Iemand roep in die woestyn: Maak ’n pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit.”*

Johannes moes die mense oproep tot bekering. Bekering daarin dat hulle tot die diepe besef van hulle eie sonde en ellende kom. Hulle skuld voor God bely en raaksien dat ware verlossing en redding nie lê in verlossing van die Romeinse juk wat op hulle gerus het nie, maar in verlossing van die sonde en die magte van die duisternis.

In hierdie Lig van liefde en genade wat in ons Verlosser Jesus Christus na ons toe gekom het, moet ons vandag nog na ons eie sonde en ellende kyk.

Sing: Skrifberyming 1-6:1, 3

Ds. MJ Erasmus (Thys) (Nelspruit)